**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Hierdie dramateks is geskik vir leerders vanaf graad 4 tot 9. Dit is spesiaal en eksklusief deur De Wet Hugo vir LitNet geskryf.**

# DIE DROOMDILEMMA

Karakters

1. Klaasvakie

   *Manlik. Vriendelik. Regverdig.*

2. Mary (Nagmerrie)

   *Vroulik. Boosaardige voorkoms. Mooi hart.*

3. Selati Suikersoet

   *Vroulik. Pragtige voorkoms. Lelike hart.*

4. Riekie Realiteit

   *Vroulik. Sterk persoonlikheid. Onaangenaam.*

5. Arend Avontuur

   *Manlik. Lewenslustig. Dapper.*

6. Desdemona Drama

   *Vroulik. Dramaties.*

7. Wouter Wetenskapsfiksie

   *Manlik. Oudste. Vergeetagtig.*

8. Feetjie Fantasie
   *Vroulik. Moederlik. Goedhartig.*

9. Romeo Romanse
   *Manlik. Dromerig. Liefdevol.*

10. Koos Komedie
    *Manlik. Humoristies.*

11. Frank
    *Manlik/Vroulik. Monster. Leier.*

12. Stein
    *Manlik/Vroulik. Monster. Onnosel.*

13. Mejuffrou Sikspens
    *Vroulik. Vriendelik. Professioneel.*

14. Droommissaris van die Illusiediens
    *Manlik/Vroulik. Sterk. Ferm.*

15. Konstabel Dagdroom
    *Manlik/Vroulik. Vaak.*

Klaasvakie: (*Slegs stem*) Wanneer die klok snags vir die twaalfde keer slaan, gebeur daar iets in die solder van elke huis op aarde. Die droomagente wat verantwoordelik is vir die drome van die jong kliënte in die huis, begin hulle nagtelike skof. Sal Feetjie Fantasie, Arend Avontuur, Wouter Wetenskapsfiksie, Koos Komedie, Romeo Romanse, Desdemona Drama en Riekie Realiteit vannag weer ’n suksesvolle droom met hulle droommasjien kan skep? Of sal ek, Klaasvakie, die hoof van al die droomagentskappe dalk moet ingryp om hiérdie agentskap uit die pekel te help?

*Die droomagente ontvries.*

Realiteit: Goed, ons moet orde in hierdie plek kry. Soos ek julle dromers ken, wil julle dit nie weet nie, maar ons is amptelik aan diens. Tel alles op wat julle sien rondlê. Niemand hou van ’n deurmekaar droom nie. Iemand sal hier moet voor vat!

Romanse: En dit gaan jy wees, nè?

Realiteit: Natuurlik is dit ek wat reeds leiding neem, Romeo. Dis my plig om julle uit julle droomwêrelde wakker te skud. Wees

realisties! Ons moet gereed vir ons skof wees vóór mejuffrou Sikspens hier opdaag.

Avontuur: Mejuffrou Sikspens is ’n dame uit een stuk gesny. ’n Droommeisie.

Drama: Ag, jy’s nie ernstig nie! Hou jy van háár? Maar julle’s so verskillend.

Romanse: Die liefde is baie onvoorspelbaar en misterieus.

Wetenskapsfiksie: Ja, en die wetenskap sê vir ons teenoorgestelde pole trek mekaar aan, Desdemona.

Realiteit: Stop julle verspottigheid onmiddellik! Moenie dat ek julle daaraan herinner dat hierdie ’n professionele werkplek is nie, agente. Elke ding moet op sy plek wees. Nugter alleen weet waaroor mejuffrou Sikspens alles aan Klaasvakie verslag lewer. Sy is sy persoonlike assistent en hy mag dalk net vra hoe ons die agentskap in stand hou.

Komedie: Dan moet ons hierdie kantoor spesiaal vir mejuffrou Sikspens laat blink soos ’n nuwe sikspens.

Wetenskapsfiksie: As ons bang is dat mejuffrou Sikspens ons in die moeilikheid gaan bring by Klaasvakie, kan ons haar altyd vang en vasbind en ’n paar opgerolde stink sokkies in haar mond druk.

Fantasie: Wouter Wetenskapsfiksie! Jy verteenwoordig die goeie, opbouende deel van wetenskapsfiksie, onthou. Ek wil nie weer hoor jy sê sulke goed nie.

Avontuur: En net sodat julle weet: Ék sal soos ’n seerower met ’n swaard veg as iemand stink sokkies in mejuffrou Sikspens se mond probeer druk!

Realiteit: Dis nou genoeg, Arend. Danksy Feetjie, is ek seker agent Wetenskapsfiksie is weer opnuut aan sy werksbeskrywing herinner. En as die res van julle nog getwyfel het of ons ’n kranksinnige in ons midde het, weet julle nou.

*Mejuffrou Sikspens kom ingestap en Drama gil histeries.*

Drama: Jy het my hart amper laat staan. Was dit nodig om so op my af te sluip?!

Sikspens: Jammer, agent Drama. Ek het nie bedoel om jou te laat skrik nie. Vergewe my, asseblief.

Drama: Wel, ek weet nie. Dit sal tyd neem, maar ek is seker ek sal jou seker eendag weer in my hart kan toelaat.

Komedie: Ek dink eendag het so pas aangebreek.

Drama: Goed! Dan word jy nou weer in my hart toegelaat.

*Al die agente neem hulle plekke in by hulle werkstasies. Mejuffrou Sikspens se aankoms beteken die sending vir die nag sal binnekort deur Klaasvakie aan hulle bekend gemaak word. Mejuffrou Sikspens beweeg in die rigting van die groot interkom. Realiteit keer haar voor.*

Realiteit: Mejuffrou Sikspens, voor u begin, laat my asseblief toe om te verduidelik dat ek my uiterste bes probeer het om die res van die agente te kry om die kantoor te organiseer voor u gearriveer het, maar hulle ...

Sikspens: Môre, agent Realiteit. Soos ek al baie vantevore genoem het, ek is nie die kantoor se inspekteur nie. En in elk geval, alles hier lyk lieflik, soos altyd.

*Realiteit neem haar plek tevrede by haar werkstasie in.*

Romanse: Sy het lieflik gesê ...

Sikspens: Goeiemôre, agente.

*Al die agente groet spontaan terug.*

Sikspens: Ek vra vriendelik vir u om stil te sit en nie te gesels nie. Ons is op die punt om kontak met Klaasvakie te maak.

*Mejuffrou Sikspens druk die interkom-knoppie.*

Klaasvakie: Goeiemôre, droomagente.

*Die droomagente groet almal spontaan, maar professioneel.*

Klaasvakie: Ek vertrou julle het ’n lekker dagrus gehad?

*Die droomagente antwoord spontaan: Ja, dankie.*

Klaasvakie: Weer eens geluk met die suksesvolle voltooiing van laasnag se sending. Die kliënt kon gister by die crèche nie uitgepraat raak oor die sirkus met die singende seekoei waarvan hy die vorige nag gedroom het nie. Goeie spanwerk, agente Komedie en Fantasie!

*Komedie en Fantasie glimlag trots. Die res klap hande.*

Klaasvakie: Dit bring my dan nou ook by vannag se nuwe sending. ’n Baie ernstige saak wat ons met groot sensitiwiteit moet hanteer. Die kliënt het iets verskrikliks aangevang, agente. Hy het ’n fliek gekyk met ’n ouderdomsbeperking hoër as sy ouderdom.

*Die droomagente lyk geskok.*

Drama: Nee!

Klaasvakie: Dis ongelukkig nie al nie. Die fliek waarna hy gekyk het, sonder sy ouers se toestemming, kom uit die genre van gruwel. Julle weet en verstaan dan nou seker ook dat ons vannag vir die eerste keer die nagmerriebestanddeel in die droommasjien sal moet gebruik.

Komedie: Is dit ’n grap?

Fantasie: Nee, asseblief, Klaasvakie. Die kliënt verdien darem nie dít nie.

Romanse: My hart is gebreek!

Drama: Ek kan nie verder lewe nie! Totsiens, almal.

Wetenskapsfiksie: Wees gerus, julle. Ons het gelukkig niks daarvan in voorraad nie.

Avontuur: Sjoe, wat ’n verligting.

Realiteit: Nee, nonsens! Laat die kliënt kry wat hom toekom. Dis tyd dat hy realiteit in die gesig staar.

Klaasvakie: Ek is bevrees agent Realiteit is reg, agente. So maklik gaan dit nie vir die kliënt wees om ’n nare droom te ontduik nie. Trouens, ’n vars besending van die donker bestanddeel is reeds

hier. Droomagente, ek stel julle graag aan die nuutste toevoeging tot ons agentskap bekend. Reguit vanaf hoofkantoor en die beste in haar genre. Agent Nagmerrie! Agente? Agente, ek dink ons is besig om kontak te verloor. Die klank begin opbreek hier aan my kant. Kan julle my hoor? Mejuffrou Sikspens?

*Die deurklokkie lui. Avontuur maak die deur oop. Agent Nagmerrie word gesien. Twee vlermuisagtige gedrogte, Frank en Stein, kom te voorskyn. Sy beheer hulle met halsbande. Drama word flou.*

Realiteit: Ruk jouself reg, Desdemona. Eerste indrukke is blywend.

Fantasie: Welkom, nuwelinge.

*Frank en Stein grom.*

Fantasie: Oe, hulle's humeurig. Hoe skattig!

Romanse: Hulle lyk glad nie liefdevol nie.

Wetenskapsfiksie: Kyk, daar's die nagmerriebestanddeel!

*Die ander droomagente hou nie daarvan dat Wetenskapsfiksie opgewonde oor die nagmerriebestanddeel raak nie.*

Realiteit: Sjuut!

Frank: Julle word vannag vereer met die teenwoordigheid van Nag-Mary!

Komedie: Julle twee lyk baie snaaks.

Stein: Hoor jy, Frank? Jy het dan gesê hulle sal dink ons lyk vreesaanjaend.

Frank: Bly stil, onnosel. Alles lyk vir hóm snaaks. Natuurlik lyk ons vreesaanjaend! Ons werk saam met die koningin van die nag.

Stein: En ons is monsters van die nag. Oe-ha-ha-ha-ha!

Nagmerrie: Stilte! Praat weer uit julle beurt uit en ek gooi julle twee skarminkels vir weerwolwe! Verstaan julle my?!

*Frank en Stein knik onderdanig.*

Nagmerrie: Aangesien dinge hier aansienlik gaan verander noudat ék die span gaan lei, is dit seker nodig dat ek myself aan julle bekendstel. Ek is agent Nagmerrie, draer van die nagmerriebestanddeel. Soms word ek die koningin van die nag genoem. (*Skielike bui-verandering: vriendelik en stroopsoet*) Maar júlle, my kollegas en nuwe vriende, kan my maar sommer net Mary noem.

*Frank klap sy hande twee maal hard saam. Almal, behalwe Nagmerrie, Frank en Stein, vries. Mary lyk skaam en teruggetrokke.*

Frank: Wat dink jy doen jy, Mary? Die baas gaan woedend wees. As jy die opdrag laat skeefloop, sal dit nie net klaarpraat met jou wees nie, maar ook ons twee se koppe sal waai!

Stein: Wat het sopas gebeur, Frank? Sy maak my bang.

Frank: Vir my ook, Stein! Want sy is besig om al ons planne te verongeluk. As die baas moet uitvind ...

Nagmerrie: Ek verstaan nie waaroor julle so bekommerd is nie, Frank en Stein. Ek het dan alles gedoen presies soos julle twee my gewys het.

Frank: Nee, jy het nie! Jy was nou net vriendelik met hulle.

Stein: Moenie dat die baas hiervan uitvind nie, Frank. Ek wil nie ’n houtpak dra nie!

Frank: Kalmeer, swaap! Ek het nie nog meer drama in my lewe nodig nie. (*Wys na gevriesde Drama*) Daai een werk reeds op my nerwe.

Nagmerrie: Ek dink julle verwag heeltemal te veel van my. Ek is nou maar net nie boosaardig nie en klaar! Die baas moet my aanvaar soos ek is. Hoekom het hy my in elk geval vir hierdie opdrag gekies? Ek het ’n goeie hart. Ek wil nie kinders bang maak nie!

Frank: Jy het nie ’n keuse nie! Dis jou plig. Die baas gee nie tweede kanse nie. Ruk jouself reg. Ons moet die nagmerriebestanddeel in die droommasjien kry.

Nagmerrie: Goed. Ek sal my bes probeer.

Stein: Onthou nou om boosaardig te lyk.

*Frank klap sy hande weer twee maal hard saam. Almal ontvries.*

Sikspens: Dis regtig ’n groot jammerte dat ons kontak met Klaasvakie verloor het, want ons sal binnekort moet begin werk aan die kliënt se droom vir die nag. Toemaar, ek is seker hoofkantoor sal hulle tegnici opdrag gee om die probleem vinnig op te los.

Nagmerrie: Dis nie 'n probleem nie, dingetjie. Soos Klaasvakie seker vooraf vir julle gesê het, ek is die beste in my genre én ek het twee bekwame assistente wat my bystaan met elke taak wat aan my toevertrou word. Soos hiérdie een waarvoor hoofkantoor mý spesiaal hierheen laat kom het. So, niemand van julle hoef hulle koppies te breek oor Klaasvakie wat nie die sending kan waarneem nie. Ék is heeltemal in staat daartoe om die leisels te neem. My naam is nie verniet agent Nagmerrie nie!

Komedie: En is die twee handlangers van wie jy nou gepraat het, miskien dié snaakse gedroggies?

*Frank en Stein grom.*

Nagmerrie: Ja, agent Komedie, hierdie twee dierasies ís my assistente. Vermy enige kontak met hulle en julle vingers sal niks oorkom nie. Hulle ís effens onstabiel. Ek noem hulle Frank en Stein! (*Wetenskapsfiksie raak opgewonde*) Moenie verder tyd mors nie! Ons moet onmiddellik aan die kliënt se droom begin werk. Waar is die droommasjien?

Wetenskapsfiksie: Ek sal vir jou wys, mevrou Nagperd.

Frank: Agent Nagmerrie!

Wetenskapsfiksie: Hier is die droommasjien, dokter Donkerdonkie.

Frank: Nagmerrie!

Wetenskapsfiksie: En ek is trots om te sê dat ek dit self ontwerp en gebou het.

Nagmerrie: Waar word die nagmerriebestanddeel ingevoer?

Wetenskapsfiksie: Waar al die droombestanddele ingevoer word, prinses Perdestert.

Frank: Nagmerrie!

Wetenskapsfiksie: Ons voer dit hier bo in.

Nagmerrie: En wat gebeur dan? Moet iemand ’n knop druk om die masjien te aktiveer?

Wetenskapsfiksie: Nee, die masjien begin dan outomaties al die bestanddele meng en skep ’n droom in een van die droomagente se spesialisveld, of selfs ’n kombinasie van twee of meer. ’n Droomverslag word daar teen die kant uitgedruk sodat ons kan lees wat die kliënt op daardie oomblik droom. Verstaan u?

Nagmerrie: (*Skielike bui-verandering. Oorvriendelik*) Ja, baie dankie. Ek verstaan. Dis so gaaf van u om ...

*Frank klap sy hande twee maal hard saam. Almal op die verhoog, behalwe Nagmerrie, Frank en Stein, vries. Mary lyk skaam en teruggetrokke.*

Frank: Jy raak al weer vriendelik, Mary. Bly in karakter! Ons is amper daar.

Stein: Amper daar? Dan sal ons mos die spertyd haal. En die baas sal ons lewens spaar! Jippie!

Frank: Moenie te gou opgewonde raak nie, Stein. Die baas het gesê dat die kliënt slegs voor eenuur ’n nagmerrie kan kry. As die klok eenuur slaan en die droomverslag is nog nie uitgedruk nie, was dít ons lááste opdrag. Kom! Help my om genoeg van die nagmerriebestanddeel in die droommasjien te voer, voor die res van die agente ontvries.

*Frank en Stein gryp Nagmerrie se agentkaartjie wat om haar nek hang. Hulle ruk haar heen en weer soos hulle dit om die beurt deur die droommasjien trek.*

Frank: Vrees!

Stein: Gille!

Frank: Monsters!

Stein: Donker!

Frank: Waansin!

Stein: Trane!

Nagmerrie: Dis nou genoeg, julle! Dit sal werk. Julle het die res van die droomagente uitoorlê met julle skelmstreke. Dit sal nou ’n wonderwerk kos vir die kliënt om nie ’n afgryslike nagmerrie te kry nie.

Frank: Ek hoop jy’s reg.

*Frank klap sy hande weer twee maal hard saam. Almal ontvries.*

Nagmerrie: Sal ons dan voortgaan met die invoer van die droombestanddele in die droommasjien, agent Wetenskapsfiksie?

Wetenskapsfiksie: Ja, seker, tannie Towerponie.

Frank en Stein: Nagmerrie!

Nagmerrie: Laat ons begin!

*Die droomagente beweeg een vir een na die droommasjien. Terwyl hulle praat, voer hulle die droombestanddeel met hulle agentkaartjies bo-op die droommasjien in.*

Fantasie: Fantasie!

Avontuur: Avontuur!

Drama: Drama!

Romanse: Romanse!

Wetenskapsfiksie: Wetenskapsfiksie!

Komedie: Komedie!

Realiteit: En ’n tikkie realiteit om onnodige teleurstelling te voorkom.

Wetenskapsfiksie: Dis nou jou beurt, u edele Eenhoring.

Almal: Nagmerrie!

Frank: Kom nou, agent Nagmerrie. Ons almal wag.

*Nagmerrie haal haar agentkaartjie om haar nek af en beweeg stadig vorentoe. Wanneer sy op die punt is om dit by die droommasjien in te voer, tree sy terug.*

Nagmerrie: Ek kan nie. Nie meer nie. Ek is jammer, Frank en Stein. Ek weier. Kollegas, daar is iets wat julle moet weet.

Stein: Wat doen sy?

Frank: Mary, moenie alles nou opmors nie. Asseblief. Ons lewens is op die spel! Die baas het gesê die kliënt moet droom voor dit eenuur is.

Nagmerrie: Hou op daarmee, Frank. Ek gaan my nie meer verder deur julle laat manipuleer nie. Die baas kan maar op sy kop staan.

Frank: Jy maak 'n groot fout, Mary. Niemand steek die baas in die rug nie!

*Die klok slaan een.*

Stein: Ons het die spertyd gemis!

Frank: Ons moet ons dadelik uit die voete maak. Waar gaan ons wegkruip, Mary?

Nagmerrie: Ek gaan nêrens heen nie, Frank. Vir die eerste keer in my lewe voel dit vir my of ek op 'n plek is waar ek hoort, tussen opregte vriende met goeie harte.

Frank: Dis jou saak as jy so dom wil wees!

*Frank hardloop.*

Stein: Baai!

*Sodra hulle uit is, word 'n ontploffing gehoor. Die deurklokkie lui.*

Sikspens: Dink julle ek moet oopmaak?

Avontuur: Laat ek dit eerder doen, mejuffrou Sikspens.

*Avontuur maak die deur oop en agent Suikersoet word gesien.*

| | |
|---|---|
| Nagmerrie: | Ag, dankie tog! Jy kon nie op ’n beter tyd hier aangekom het nie. Hoe het jy geweet ek het jou nodig? |
| Suikersoet: | Hoofkantoor hou daardie twee vabonde al vir ’n geruime tyd dop, Mary. Dit was net ’n kwessie van tyd voor ons hulle sou vastrek. Maar gaan jy my nie eers aan jou nuwe kollegas voorstel nie? |
| Nagmerrie: | Natuurlik! Ekskuus, agente. Ek stel julle graag voor aan my pragtige en multi-talentvolle ... suster. |
| Realiteit: | Susters?! |
| Romanse: | Ek dink ek is al weer verlief. |
| Nagmerrie: | Ja, my suster. |
| Komedie: | Laat ek raai! As jou naam Nagmerrie is, is haar naam seker Daghings? |

*Almal lag, behalwe Realiteit.*

| | |
|---|---|
| Nagmerrie: | Kollegas, ontmoet my liewe suster, agent Suikersoet! |
| Suikersoet: | Ai, sy kan tog so formeel wees. Noem my sommer net Selati. Selati Suikersoet. |
| Drama: | (*Huilend*) Ek is mal oor familiereünies. Het iemand ’n sakdoek en ’n kamera? |
| Wetenskapsfiksie: | Verskoon my, asseblief, juffrou Heuningkoek, maar wat presies het u hier by ons droomagentskap kom doen? |

Suikersoet: Wat ek by al die droomagentskappe doen. Ek probeer sendings wat in chaos ontaard het, red deur my suikersoetbestanddeel in die droommasjien te voer.

Fantasie: Maar hier is nie chaos nie. Ek dink hoofkantoor het ’n fout gemaak deur jou hiernatoe te stuur.

Suikersoet: Ek dink jy moet hulle dalk vertel wat hier aan die gang is, Mary.

Sikspens: Waarvan praat sy, agent Nagmerrie? Sê asseblief vir my jy steek niks vir ons weg nie.

*Nagmerrie lyk verbouereerd.*

Realiteit: Ek. Het. Dit. Gewéét!

Fantasie: Gee vir Mary ’n kans om vir ons te vertel wat aan die gang is, Riekie.

Realiteit: Wie’s jou Riekie? Agent Realiteit!

Suikersoet: Toe, Mary. Hulle sal verstaan.

Nagmerrie: Van so lank af as wat ek kan onthou, werk ek al saam met Frank en Stein vir ’n baas wat ons dwing om skelm ’n oormaat van die nagmerriebestanddeel in droommasjiene van verskillende droomagentskappe te voer. Dis hoe kinders nagmerries kry.

Drama: Het jy dieselfde vannag hier gedoen?

Nagmerrie: Ja. Ek en Frank en Stein. Jammer.

Komedie: Hoe het julle dit reggekry sonder dat enige van ons dit gesien gebeur het?

Romanse: Die liefde maak jou blind.

Nagmerrie: Nee, Frank en Stein het towerkragte waarmee hulle almal van julle laat vries het wanneer hulle alleen met my wou praat of die nagmerriebestanddeel in die droommasjien wou voer.

Avontuur: Ek het geweet ons moes daai twee mismaaksels nooit vertrou het nie.

Realiteit: Ek is jammer om dit te sê, maar ek is nog nie oortuig daarvan dat ons jóú kan vertrou nie. Waarom het jy hulle nie gekeer of ons probeer waarsku nie, agent Nagmerrie?

*Realiteit draai haar rug op Nagmerrie. Die res volg.*

Nagmerrie: Nee, asseblief. Julle moet my glo as ek sê dat ek betroubaar is. Frank en Stein het herhaaldelik vir my gesê die baas dreig om my suster seer te maak as ek sou weier om saam te werk. Ek het eerlikwaar nie ’n keuse gehad nie.

Drama: Jou arme ding.

Sikspens: Ons moet hoofkantoor onmiddellik hiervan in kennis stel. Julle baas moet vasgetrek word. Wat is sy naam?

Nagmerrie: Dis die groot probleem, mejuffrou Sikspens. Ek het geen idee wie hy is nie. Frank en Stein was die middelman. Om een of ander rede wou hy sy identiteit nooit aan my bekend maak nie.

Komedie: Hy verdien ’n roomkoek in die gesig!

*Die interkom begin weer te werk.*

Klaasvakie: Droomagente, is alles in die haak daar?

Sikspens: Klaasvakie, ek is so bly om u stem te hoor. Ek weet nie wat veroorsaak het dat ons kontak met u verloor het nie.

Nagmerrie: Dit was ook Frank en Stein se werk.

Klaasvakie: Agente, ek is bewus van alles. Nadat ek kontak met die agentskap verloor het, het ek hoofkantoor onmiddellik geskakel en my vermoede dat agent Nagmerrie deur die twee skepsels gemanipuleer word, met hulle gedeel. Hoofkantoor het my vermoede bevestig en begin werk maak van die saak. Hulle het my ook verder op hoogte gehou van al die gebeure. Gaan iemand my dalk voorstel aan die agent wat haar intussen by julle aangesluit het?

Romanse: Dit sal vir my ’n voorreg wees, Klaasvakie. Haar naam is agent Selati Suikersoet en sy is die ouer suster van agent Nagmerrie.

Klaasvakie: Dankie, agent Romanse. En baie welkom aan u, agent Suikersoet.

Suikersoet: Baie dankie, Klaasvakie. Dis vir my ’n eer om u uiteindelik te ontmoet. Ek hoop ek kan van hulp wees.

Klaasvakie: Ek is seker jy sal. Dit verbaas my net dat hoofkantoor ’n spesialis in u veld so vinnig hier kon kry. Nietemin, ek dink ons moenie langer tyd mors nie en daardie suikersoetbestanddeel van u in die droommasjien kry. Hopelik neutraliseer dit die oormaat nagmerriebestanddeel.

*Die droommasjien begin te werk.*

Suikersoet: Wat gaan aan?

Komedie: Die kliënt begin nou droom.

Suikersoet: Nee! Stop die masjien! Ek het nog nie my bestanddeel ingegooi nie!

Fantasie: Kalmeer, agent Suikersoet. Dis te laat om dit nou te stop.

Wetenskapsfiksie: Ja, ons kan nou maar net hoop vir die beste, suster Strooisuiker!

*Die droommasjien raak stil. Die droomverslag word uitgedruk.*

Klaasvakie: Mejuffrou Sikspens, sal u asseblief so gaaf wees om die droomverslag aan ons voor te lees?

Sikspens: Natuurlik, Klaasvakie.

Sikspens: ’n Donker digbeboste woud. Die harde geskree van wilde voëls in die kliënt se ore. Vasgebinde voete op die rand van ’n afgrond. Bruisende water wat in sy gesig spat. Hy tuimel vooroor. Hy sien rotse in vlakwater wat teen ’n hoë spoed nader en nader aan sy kop kom en hy gee ’n oorverdowende gil!
Huh?

Suikersoet: Wat?! Wat staan daar?

Sikspens: Hy gee ’n gil van opwinding en plesier! Hy rekspring van ’n krans af!

Avontuur: Dis nie ’n nagmerrie nie. Dis ’n avontuur!

*Almal, behalwe Suikersoet, is baie bly en wens Avontuur geluk.*

Klaasvakie: Baie geluk, agent Avontuur. Soos gewoonlik, kon ons tydens ’n krisis op jou uitmuntende werk staat maak. Dankie daarvoor.

Realiteit: Agent Suikersoet? Wat gaan aan? Voel u sleg?

Suikersoet: Ja, ek voel nie lekker nie.

Fantasie: Agge nee. Waarom dan nie?

Suikersoet: Want ek is ... woedend!

Nagmerrie: Waarom? Vir wie, Selati?

Suikersoet: Vir jou, my onskuldige, saggeaarde, patetiese sussie!

Nagmerrie: Ek ... ek verstaan nie. Wat het ek gedoen?

Suikersoet: Het jy dit werklik nou nog nie gesnap nie? Jy’s sowaar nóg dommer as wat ek gedink het!

*Suikersoet pluk ’n fantasiewapen uit en rig dit op Nagmerrie. Die deur gaan oop. Die Droommissaris van die Illusiediens en konstabel Dagdroom kom op die punte van hulle tone ingesluip.*

Suikersoet: Ék is die grootbaas, Mary! Die baas wat vir Frank en Stein die opdragte gegee het wat júlle drie saam moes voltooi het. Jy was nooit veronderstel om dinge so lelik te laat skeefloop nie. En daarvoor gaan jy boet. Totsiens, suster.

*Die Droommissaris druk ’n knuppel in Suikersoet se rug.*

Droommissaris: Laat val daai vuurwapen onmiddellik, jou skelm ou suikerklont. En sit jou hande op jou kop!

*Konstabel Dagdroom staan en slaap.*

Droommissaris: Dagdroom, word wakker!

Dagdroom: Hanna Huletts, ons neem jou in hegtenis.

Droommissaris: Nie Huletts nie, slaapkous. Selati!

Dagdroom: Selati Suikersoet, ons neem jou in hegtenis op drie aanklagte van intimidasie en tweehonderd-en-vyftig aanklagte van onnodige nagmerrieverskaffing aan onskuldige kliënte.

Droommissaris: Suikersoet, jy't die reg om stil te bly. Alles wat jy sê en doen kan en sal teen jou in die Hof van Drome gebruik word. Hoor jy my?

Suikersoet: Ja.

Droommissaris: Ja, wie?

Suikersoet: Ja, Droommissaris.

Dagdroom: En?

Suikersoet: Konstabel Dagdroom.

*Dagdroom raak weer staande aan die slaap.*

Droommissaris: Klaasvakie, droomagente, as dit reg is met almal van u, sal ons die krimineel nou gaan toesluit in die Illusiediens se selle.

Klaasvakie: Dis reg so, Droommissaris. Droomagente, is daar enige van u wat dalk nog vir Selati Suikersoet iets wil sê?

Nagmerrie: Ek, Klaasvakie. Selati, jy het my deur middel van Frank en Stein gemanipuleer sodat ék geblameer is vir al jou nare dade. En daarom verdien jy om uit my lewe geskuif te word. Maar ... omdat jy my suster is, sal ek jou vergewe en af en toe by jou kom kuier, terwyl jy in die Droomgevangenis is, mits ek hoor dat jy goeie gedrag daar toon.

Komedie: Met tronkklere aan, gaan hulle haar seker Streepsuiker noem!

*Almal lag.*

Suikersoet: Moenie moeite doen nie, Mary. In die tronk sal ek ten minste van jou ontslae wees!

Wetenskapsfiksie: Sies, ou Soetpatat!

Romanse: Die liefde maak seer.

Droommissaris: Klaasvakie, ek dink dis tyd dat ons haar hier wegkry.

Klaasvakie: Alles reg, Droommissaris.

Droommissaris: Dagdroom, word wakker! Kom.

*Hulle beweeg uit.*

Sikspens: Sjoe, dis ook maar goed die droomkonstabels het nie ’n minuut later hier opgedaag nie, nè?

Nagmerrie: Ek moet saamstem, mejuffrou Sikspens.

Klaasvakie: Ja, ek is seker dit wat sopas hier gebeur het, het vir julle gevoel soos ’n noue ontkoming, maar eintlik het die twee

droomkonstabels al lank buite die kantoor gewag vir die regte oomblik om toe te slaan. Ek kon julle net nie waarsku met Selati wat hier was nie.

Realiteit: Klaasvakie, bedoel u hulle het geweet van haar? En u ook?

Klaasvakie: Ja, agent Realiteit. Die Illusiediens sukkel al vir ’n baie lang tyd om haar vas te trek. En hulle vermoede dat ons agentskap haar volgende teiken sou wees, was in die kol.

Komedie: Fantastiese werk deur die Illusiediens!

Sikspens: Dit kan jy weer sê.

Komedie: Fantastiese werk deur die Illusiediens!

*Die droomagente lag.*

Sikspens: Klaasvakie, ek neem aan Mary gaan nou sommer permanent as ’n droomagent hier by ons aanbly?

Realiteit: Dis glad nie ’n slegte idee nie, Klaasvakie. Soms moet daar vir die kliënt ’n les geleer word en dan is agent Nagmerrie mos hier om die nagmerriebestanddeel vir ons in die droommasjien te voer.

Komedie: En behalwe dat ons haar nodig het vir ons sendings, weet ek ook dat ons lekker baie sports gaan hê saam met haar hier in die kantoor. Ek sien al hoe ons rol van die lag as sy daai mombakkiesgesig van haar eers gaan begin trek.

Wetenskapsfiksie: Ja, Klaasvakie, en sy’s ook die enigste van al die droomagente wat al ooit enige belangstelling in die tegniese aspek van die

droommasjien getoon het. Iemand sal by my moet oorvat as ek te oud word om die masjien te diens.

Avontuur: En dink net watter lekker drome sal ek en sy saam kan skep. Avontuur met gevaar!

Romanse: Oe, sy raak vir my al hoe mooier.

Drama: U móét sê dat sy permanent hier by ons gaan aanbly, Klaasvakie! As u sê sy gaan nie, sal ek flou word ... nee, ek sal van ’n gebroke hart sterf. Hoe sal ek die verlies van my nuutste beste vriendin in die heelal ooit kan verwerk?

Fantasie: Sy het reeds so diep in ons harte gekruip.

Klaasvakie: Mary, ek dink nie ek het nodig om jou te oortuig dat die droomagente jou graag deel van die agentskap wil hê nie, maar die keuse is joune. Wat sê jy? Is jy ons nuutste toevoeging tot die span?

Nagmerrie: Hoe kan ek nee sê, Klaasvakie? Vir die eerste keer ooit, voel my lewe soos ’n droom!

*Die einde.*